Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 6, Nr 3, 1976. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

# DIE DOOD VAN GENERAAL DE LA REY

When World War I broke out in Europe, South Africa was united in title only. The bitter memories of the Anglo-Boer War were now freshened by the Union Government's opinion that Britain's declaration of war automatically involved South Africa as a member of the British Empire. Certain leaders of the old republics had never reconciled themselves to the Imperial connexion however; among these was General J. H. de la Rey, one of the great republican heroes of the late war. In 1913 De la Rey, a serving Senator, had already begun to express publicly his desire for a resurrection of the republics.

The outbreak of war in Europe was greeted by De la Rey as a heaven-sent opportunity for South Africa to divorce herself from the Empire. He was encouraged in this belief by the visions of the 'prophet' Nicolaas van Rensburg. Despite warnings from influential friends, De la Rey called a meeting of 800 burghers at Treurfontein in mid-August 1914. The result was anticlimactic, and De la Rey did not call for an armed protest against Botha's intention to collaborate with Britain. Yet by early September De la Rey was consorting with other dissident leaders and plans for a restoration of the republics continued. On 12 September he spoke in the Senate debate on the Union's projected action against the German colony of South West Africa. This speech was another anticlimax as the general maintained his equivocal public stance. Immediately after finishing his speech, De la Rey headed north, to meet Beyers in Pretoria on 15 September. Beyers and De la Rey left Pretoria by motor car that evening to talk with another republican sympathiser. Genl Kemp.

On the same day the police along the Witwatersrand had mounted a large operation to capture the Foster gang, a group of three criminals wanted for the murder of three policemen. Road-blocks were set up to intercept the bandits' car. Already one tragedy had occurred when a certain Dr Grace had ignored a summons to halt at a road-block and had been shot dead. Unaware of the Foster-hunt, and evidently believing that the police were under orders to arrest them, Beyers and De la Rey failed to halt at three police blocks. At a fourth block, at Langlaagte, they again ignored a call to halt and shots were fired at the car's tyres. A richochet struck De la Rey and he died shortly afterwards, leaving unanswered the question of what role he had intended to play in the recent rebellion.

## Uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog

Die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog op 1 Augustus 1914 het regstreeks tot die dood van generaal De la Rey gelei. Benewens hierdie gevolg van die oorlog wat die Afrikaner tot groot droefheid en selfs opstandigheid gestem het, het die oorlog op 'n tydstip uitgebreek wat Suid-Afrika dit die minste kon bekostig. Dit het te gou na Unifikasie gekom, want die mense van Suid-Afrika was nog nie verenig nie en aldus was generaal Louis Botha se vooropgestelde doelwit van 'n verenigde Suid-Afrika, nog nie bereik nie. Hierby aansluitend was dit te gou na die breuk in Afrikanergeledere en kon 'n verenigde optrede na buite nie verwag word nie. Dit was ook slegs 12 jaar tevore dat die twee Afrikaner-republieke hulle onafhanklikheid verloor het en die republikeinse gedagte was nog sterk by menige Afrikaner aanwesig.

Die houding van die Unie teenoor die Eerste Wêreldoorlog was dan ook allermins eensgesind. Toe Duitsland op 1 Augustus oorlog teen Rusland verklaar het en op 3 Augustus ook Frankryk die oorlog aangesê het, het Brittanje skynbaar nog gehuiwer wat om te doen. Die Duitse inval in België het egter die deurslag gegee. Op 4 Augustus het Brittanje, namens die hele Britse Ryk, tot die oorlog toegetree. Suid-Afrika het dus geen ander keuse gehad as om sy lot by dié van Brittanje in te werp nie.[1] Die inwoners van die Unie het nie so geredelik daarmee genoeë geneem nie en hulle was duidelik in drie groepe verdeel.

Die een groep, waaronder generaals Botha en Smuts, het gevoel dat die Unie geen ander keuse gehad het as om sy lot by dié van Brittanje in te werp nie.

Vir 'n tweede groep was dit die geleentheid

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 6, Nr 3, 1976. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

waarop hulle gewag het om weer hulle republiek te herstel. Persone soos generaals De Wet en De la Rey het gevoel dat Engeland se verleentheid die Afrikaner se geleentheid was om sy onafhanklikheid te herstel, desnoods met wapengeweld.

'n Laaste groep het bogenoemde sienswyse gedeel, maar slegs deur druk uit te oefen en nie van wapengeweld gebruik te maak nie.[2] Wat op hierdie tydstip van groot belang was, was die houding wat Botha as Eerste Minister van die Unie, ingeneem het. Vir hom het die toekoms van sy vaderland volkome in die Britse Ryk opgesluit gelê. By Botha, sowel as Smuts wat bogenoemde standpunt onderskryf het, het dit vasgestaan dat Suid-Afrika sowel in vredes- as in oorlogstyd die koers moes volg wat deur Brittanje aangedui word. Botha wat aan die Rykskonferensies van sowel 1907 as 1911 deelgeneem het, het dan ook sy goedkeuring geheg aan alle besluite wat daar geneem was om die eenheid van die Ryk in die aangesig van die dreigende internasionale toestand te versterk.[3]

Om sy deel te kon bydra in tye van gevaar, was dit nodig dat die Unie oor sy eie verdedigingsmag beskik en daarom het Smuts in 1912 'n wetsontwerp oor die skepping van 'n eie verdedigingsmag by die parlement ingedien, wat dit goedgekeur het.

Die toetrede van Brittanje tot die oorlog het die Botha-regering onmiddellik gereed gevind om enige hulp wat in sy vermoë was, aan te bied. Botha het vir geen oomblik daaraan gedink om neutraal te bly nie en die beginsel wat ook nog algemeen aanvaar is, dat, indien Brittanje in oorlog verkeer, dan het alle dele van die Ryk saam met hom ook daarin betrokke geraak, kon hom nie deelname weerhou nie.[4]

Op 4 Augustus, die dag toe Brittanje teen Duitsland oorlog verklaar het, het die Botha-regering die volgende boodskap aan die waarnemende goewerneur-generaal, lord De Villiers, oorhandig vir deursending na die Minister van Kolonies: 'The Government fully recognising the obligations of the Union, in the event of hostilities, wishes to ensure you of its preparedness to take all such measures as may be necessary for the defence of the Union. Should His Majesty's Government require the Imperial Troops, now stationed in South Africa and who are not connected with the garrison artillery, in any other part of the world, Ministers would gladly employ the Defence Force of the Union for the performance of the duties entrusted to the Imperial Troops in South Africa'.[5]

Die Minister van Kolonies het hierdie aanbod met dank aanvaar, maar op 7 Augustus 'n stap verder gegaan toe hy die volgende boodskap aan die Unieregering gestuur het:

> 'If your Ministers at the same time desire and feel themselves able to seize such part of German South-West Africa as will give them the command of Swakopmund, Luderitzbucht, and the wireless stations there or in the interior, we should feel this was a great and urgent Imperial service . . .'[6]

Hierdie versoek het Botha in 'n moeilike posisie geplaas, want dit het beteken dat hy magte oor die grens moes stuur. Sy Engelssprekende volgelinge, soos trouens ook die Unioniste, was gretig om teen die Duitsers op te trek. Botha se Afrikanervolgelinge was meestal lou en het nie veel omgegee na watter kant die skaal geswaai het nie. Die Nasiona-



**Genl L. Botha.**

liste, egter, was vasbeslote om nie deel te hê aan enige sodanige militêre onderneming nie, omdat dit strydig was met Hertzog se beleid van 'Suid-Afrika eerste'.[7]

Nietemin het die Botha-regering op 10 Augustus op die versoek van Brittanje geantwoord en hom bereid verklaar om troepe na Suidwes-Afrika te stuur.[8] Gedurende hierdie tyd is beweer dat die Britse regering op 9 Augustus 'n geheime kabel aan Botha gestuur het waarin 'n dreigement vervat was dat Brittanje, Indiese en Australiese troepe sou stuur om Suidwes-Afrika te verower indien Botha nie kans gesien het om dit namens die Unieregering te doen nie.[9] Vir hierdie bewering kon geen bevestiging verkry word nie en dit skyn 'n gerug te wees wat deur sommige mense versprei is om Botha se optrede te regverdig.

Hierdie aanbod van Botha sou verreikender gevolge hê as wat hy voorsien het. Eerstens het hy opgetree sonder om die parlement, wat nie in sitting was nie, te raadpleeg. 'n Verdere probleem waarvoor hy te staan gekom het, was in verband met die stuur van troepe. Moes hy die nuutgestigte verdedigingsmag oproep of vrywilligers stuur? Botha het op laasgenoemde besluit, maar terselfdertyd sou 'n deel van die aktiewe burgermag vir verdediging en sekuriteitsdoeleindes opgeroep word. Die Kabinet het nie sy planne openbaar nie en het ook nie besef dat die gewone man nie by magte was om te onderskei tussen aanval of verdedig nie. In die oorheersende Afrikaanse landelike gebiede het die indruk veld gewen dat die mense opgeroep is vir militêre diens buite die grense van die Unie en die Regering het aanvanklik niks gedoen om die gedagte uit die weg te ruim nie.[10]

'n Oorweging wat Botha nie uit die oog kon verloor nie, was die houding van menige Afrikaners wat nog nie die oorlog met Brittanje 12 jaar vantevore vergeet het nie. Die wonde en bitterheid in hulle harte was nog nie geheel nie en om nou aan die kant van hulle eertydse vyande in 'n oorlog betrokke te raak wat hulle nie aangegaan het nie, was te veel gevra.

**Republikeinse ideaal**

Hierby aansluitend was die diepgewortelde ideaal om die voormalige republieke weer in ere te herstel. Die Vrede van Vereeniging het die einde van die twee Afrikanerrepublieke beteken en voortaan sou hulle aan Brittanje onderworpe wees. In die plek van die president was daar nou 'n goewerneur-generaal; die Afrikaner-instellings is deur die tradisionele Britse instellings vervang — iets waarmee die meeste Afrikaners hulle nie kon verenig nie. Dit kan dus nie as iets buitengewoons beskou word nie dat menige Afrikaner reeds aan die einde van die Tweede Vryheidsoorlog hom voorgeneem het om die eerste geleentheid te baat neem om die republieke te herstel. Generaal Hertzog het in 1915 hierna verwys en gesê dat die gedagte aan onafhanklikheid reeds sedert vredesluiting by die mense aanwesig was en dat hulle steeds heimlik hierdie ideaal gekoester het.[11]

Om hierdie ideaal te verwesenlik het beteken dat die stryd weer teen Brittanje aangeknoop moes word. Aan wapengeweld net na 1902 kon nie gedink word nie, omdat Brittanje hom onteenseglik as die meerdere bewys het en weens die feit dat die Afrikaner



**Genl J. H. de la Rey.**

nie bewapen was nie. Die ander moontlikheid was om langs konstitusionele weg onafhanklikheid te bereik. Dit was egter 'n langsame en onsekere weg, omdat die dag en datum nie so maklik bepaal kon word nie en die houding van die Britse regering ook nog 'n baie belangrike rol gespeel het. 'n Derde aangeleentheid waarmee rekening gehou moes word, was die houding van die Afrikanerleiers self. Die onmiddellike doelwit waaroor almal eens was, was gemik op punt sewe van die Vredesverdrag van Vereeniging wat die toekenning van selfregering in die vooruitsig gestel het.[12] Oor die Republikeinse ideaal was die leiers verdeeld, want waar manne soos president Steyn en generaals De Wet, de la Rey en Beyers in hulle harte republikeine gebly het, het Botha en Smuts hierdie ideaal afgesweer.[13] Weens die posisie wat laasgenoemde twee persone beklee het na Uniewording, het hulle 'n interne struikelblok geword in die bereiking van die republikeinse ideaal en het eersgenoemdes dan ook met hulle in direkte konfrontasie te staan gekom. Die houding van De la Rey as ongekroonde koning van Wes-Transvaal was belangrik, omdat hy soveel invloed op sy mense aldaar uitgeoefen het dat hulle in enige belangrike optrede 'n gewigtige rol sou vertolk. De la Rey het in hart en niere republikein gebly. By hom het die begeerte brandende gebly om die voormalige republieke te herstel en in die lig van die destydse wêreldgebeure was hy van mening dat die tyd ryp was om daadwerklik op te tree. Hy het sy standpunt gegrond op die ooreenkoms wat onoffisieel by Vereeniging gesluit is dat, wanneer Engeland by 'n later geleentheid in die moeilikheid sou beland, van die geleentheid gebruik gemaak sou word om die onafhanklikheid te herwin. Volgens generaal Wessel Wessels het Botha die volgende gesê: 'Wat help dit om die stryd teen Engeland verder voort te sit? Die sterfte onder ons vrouens en kinders in die konsentrasiekampe is groot; ons het geen wapens en geen kos nie, en ons krygsmagte verminder by die dag. Dis beter om nou vrede te maak en te red wat daar te red is voordat die ganse bevolking uitgemoor word in die konsentrasiekampe en deur die Kaffers. Ons kan dan later weer wapens kry, en as Engeland eendag in die moeilikheid kom, kan ons weer ons verlore vryheid herwin'.[14]

Oor hierdie ooreenkoms en sy republikeinse ideaal het De la Rey hom nooit in die openbaar uitgelaat nie en dit het geskyn asof hy oorheersing deur die Britse regering gelate aanvaar het. Die onthulling van die Vrouemonument op 16 Desember 1913 in Bloemfontein het egter die ware De la Rey na vore gebring. Vir die eerste keer het hy openlik sy begeerte om weer die Republikeinse vlag oor die Afrikaner te laat wapper geopenbaar. Hy het twee Republikeinse vlae na Bloemfontein saamgeneem en wou dit bo die sprekers laat wapper, maar dit is geweier. Sy kort toespraak, wat onder andere ook deur Botha aangehoor is, het van bitterheid getuig en De la Rey het die verlies van die twee republieke, wat nou één met geheel Suid-Afrika gevorm het, betreur.[15]


'n Ander verklaring was dat De la Rey met 'n Vierkleur in sy tas Bloemfontein toe vertrek het met die doel om dit daar te hys, maar dat Botha een van sy vriende by De la Rey laat bly het om hom in die oog te hou en hom deur woord en daad van daardie gedagte te laat afsien. Skynbaar het dit nie so maklik gegaan nie, want De la Rey was oortuig dat die dag en uur vir die herstel van die voormalige republieke aangebreek het.[16]

Die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog op 1 Augustus 1914, pas agt maande na die onthulling van die Vrouemonument, was vir De la Rey die godgegewe moment waarop die republieke herstel sou word en sy optrede gedurende Augustus en September moet in hierdie lig beskou word.

Om De la Rey se verdere optrede in die regte perspektief te sien, is dit nodig om te verwys na die rol wat 'n boer van die distrik Wolmaransstad, Nicolaas van Rensburg, wat ook bekend was as 'Siener', in die latere lewe van De la Rey gespeel het, 'Siener' van Rensburg was bekend daarvoor dat hy allerhande gesigte gesien het, waarvan sommige bewaarheid is. Gedurende die Tweede Vryheidsoorlog het hy dikwels gebeurtenisse voorspel wat later presies so uitgekom het. Na bewering het hy ook die nederlaag wat lord Methuen op 7 Maart 1902 by Tweebosch teen De la Rey gely het, voorspel.[17]

Dat Nicolaas van Rensburg groot invloed op De la Rey uitgeoefen het, kan nie ontken word nie. Botha het beweer dat De la Rey gedurende 'n besoek aan hom op 13 Augustus 1914 geheel onder die invloed van die

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 6, Nr 3, 1976. http://scientiamilitaria.journals.ac.za



'Siener' van Rensburg.

'Siener' was en 'n onwrikbare geloof in sy gesigte getoon het.[18]

Wat De la Rey na bewering in daardie stadium so geweldig beïnvloed het, was veral twee gesigte wat Van Rensburg gehad het. Hy het 'n gesig gesien van twee groot bulle, 'n rooie en 'n gryse, wat geveg het. Die rooie is in die stof vertrap. Hierdie gesig is verklaar as die stryd tussen Brittanje en Duitsland wat eersgenoemde sou verloor.[19] In 'n tweede gesig het hy die getal 15 teen 'n donker wolk, waaruit bloed gedrup het, gesien. Hy het De la Rey met ontblote hoof huis toe sien kom, asook 'n rytuig wat met blomme gevul was. Wat dit beteken het, kon die 'Siener' nie verklaar nie, maar tog is dit vertolk as die toneel met die herstel van die Republiek en die triomfantlike terugkeer van De la Rey op die 15de van die maand.[20]

Hierdie gesigte het die gerug die rondte laat doen dat die tyd aangebreek het om die Republiek te herstel en was 'n bron van groot kommer, terwyl dit andersyds weer spanning meegebring het. 'n Sekere A. Morrees het aan die vooraand van De la Rey se dood in 'n brief aan Steyn kommer oor hierdie gerugte uitgespreek. Hy het verklaar dat De la Rey geheel onder die invloed van hierdie pseudoprofeet geraak het en dat dit wou voorkom asof hy geestelik aangetas was. Die gerug is ook versprei dat De Wet 'n besoek aan die 'Siener' gebring het.

Hoewel Nicolaas van Rensburg 'n sekere mate van invloed op De la Rey uitgeoefen het, veral gesien teen die agtergrond van eersgenoemde se optrede gedurende die Tweede Vryheidsoorlog en die feit dat hy meestal in De la Rey se kommando was, moet 'n mens versigtig wees om hierdie feit nie te oorbeklemtoon nie. Daar is geen bewyse dat dié twee persone na vredesluiting in noue kontak met mekaar was nie en dit was eers met die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog dat hulle deur bemiddeling van kaptein C. P. Niewenhuizen, 'n gesamentlike vertroueling, met mekaar in aanraking gekom het. Die gesig van die twee bulle kon op sigself geen invloed op De la Rey uitgeoefen het nie, omdat hy sedert vredesluiting op 'n geskikte oomblik gewag het om die Republiek te herstel en dit na sy mening toe die aangewese tydstip was. Die getal 15 het blykbaar wel 'n indruk op De la Rey gemaak, hoewel die bepaalde maand nie voorspel kon word nie.

Dat dit juis De la Rey was wat die hoofrol in Van Rensburg se gesig vertolk het, kan toegeskryf word aan hulle samesyn gedurende die Tweede Vryheidsoorlog en dat hy groot bewondering vir die generaal gekoester het. Die moontlikheid het dus bestaan dat die 'Siener', indien hy nie soveel met De la Rey te doen gehad het nie, asook nie naby hom woonagtig was nie, heel moontlik sy gesigte aan iemand anders kon toedig.

## De la Rey beplan die Treurfonteinvergadering

Die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog en die deelname van Brittanje daaraan, was vir De la Rey die geleentheid waarvan by die vredesonderhandelinge te Vereeniging melding gemaak was.[21] Die syfer 15, soos aangedui deur Nicolaas van Rensburg, sou die dag wees waarop die volk uiting moes gee aan sy begeerte na die verlore vryheid. De la Rey het gevolglik georganiseer dat die mense van sy distrik by Treurfontein (Coligny) bymekaar sou kom. Daar sou die Vierkleur gehys word waarna na Krugersdorp en Pretoria opgetrek sou word. Daar sou Botha laat roep word en by sy verskyning op die skouers van sy getroue burgers getel word. De la Rey sou dan die versoek tot hom rig om as hoof van die vrye Republiek sy volk verder te lei.[22]

Aan die begin van Augustus is kommandeerbriefies in die Lichtenburgse distrik rondgestuur met 'n bevel aan die burgers om op 15 Augustus met hulle wapens en mondprovisie vir agt dae op Treurfontein te verskyn. Oor die oorsprong van hierdie briefies is verskeie menings gehuldig en die regterlike kommissie het bevind dat dit begin is deur kommandant F. G. A. Wolmarans, veldkornet I. E. Claassen en Andries Esterhuizen.[23] Wolmarans het tydens sy verhoor op aanklag van hoogverraad dit egter ten sterkste ontken. Wolmarans het beweer dat hy 'n boodskap van De la Rey ontvang het, wat die burgers opgeroep het om sodanige vergadering by te woon.[24]

Hierdie bewering van Wolmarans is gestaaf deur Izak Claasens wat beweer het dat De la Rey aan die begin van Augustus aan hom gesê het: 'Hou jou reg, ons gedagte was nie vir Duitsland maar ons wil ook nie langer onder die Engelsman staan nie'.[25] Volgens Claasens het De la Rey op 10 Augustus aan hom gesê om die burgers na Treurfontein op te roep vir 'n vergadering op 15 Augustus en dat hulle gewapend moes kom.

Die moontlikheid dat die kommandeerbriefies hulle oorsprong by De la Rey gehad het, word verder versterk deur die herinneringsaantekeninge van mev Beyers, die eggenote van C. F. Beyers, waarin sy soos volg geskryf het: 'Toen ik op 'n aand vraag: wat is die nuus?, was die antwoord: "Daar is 'n gerugt in die stad dat die Regering Genl de la Rey wou laat arresteer". By my verbaasdheid en verontwaardiging oor so iets, hoor ik toen dat die Lichtenburgers opgeroep sou gewees't deur oom Koos gewapend en voorsien van mond voorraad (vir 14 daë) naar Treurfontein te kom op 15 Aug om (als ik my goed herinner) 'n Republiek te stigt" "en dit lyk of daar waarheid in is want hier ontvang ik vandaag 'n brief van x — waarin hy my vraag om tog my invloed te gebruik om die Oubaas tot bedaring te bring want hy wil verkeerde dinge doen".[26]

Toe dit wel blyk dat daar waarheid in die gerugte omtrent De la Rey se planne steek, is besef dat slegs 'n vroegtydige optrede van regeringskant enige moeilikhede kon voorkom. Op 11 Augustus het die magistraat van Lichtenburg, J. C. Juta, van die gerugte te hore gekom en die Regering dadelik daarvan in kennis gestel.[27] Dit was egter nie net re-



**Kmdt-genl C. F. Beyers.**

geringsamptenare wat daadwerklik opgetree het nie, want 'n familielid van De la Rey, mnr G. J. Greeff, het in 'n brief aan mev Beyers gevra om haar invloed te gebruik (skynbaar by haar man, generaal Beyers) ten einde te voorkom dat De la Rey tot verkeerde stappe sou oorgaan.[28] Op 11 Augustus het Beyers dan ook gereageer op die versoek deur 'n telegram aan De la Rey te stuur waarin hy gevra het dat De la Rey, indien hy na Pretoria sou kom, hom op kantoor moes kom spreek.[29]

Die eerste persoon wat egter met De la Rey in aanraking was en wat hom probeer oortuig het om af te sien van sy planne, omdat die tyd nog nie ryp was nie, was majoor J. C. G. Kemp, bevelvoerder van die militêre distrik waarin Lichtenburg geval het, met Potchefstroom as hoofkwartier. Op 10 Augustus het Kemp en kolonel Apie Bezuidenhout 'n besoek aan Lichtenburg gebring om 'n skietbaanterrein aldaar te inspekteer. Na voltooiing van hulle pligte het hulle 'n besoek aan De la Rey, wat hulle te wagte was, gebring. Ty-

dens die gesprek wat gevoer is, het die generaal die gerugte wat in omloop was, bevestig, asook van Nicolaas van Rensburg se gesigte vertel. Hy het sy doelwit, naamlik die uitroep van 'n Vrye Suid-Afrikaanse Republiek met Botha as president, verduidelik. Kemp en mnr Krige, 'n skoonseun van De la Rey, het hom probeer oortuig dat die tyd vir so 'n rewolusionêre stap nog nie ryp was nie. Dit sou bloedvergieting meebring en die risiko was daar dat dit sou misluk. De la Rey wou egter nie afsien van die 15de Augustus nie, omdat Van Rensburg daardie datum 'gesien' het.[30]

'n Belangrike punt was dat sowel Kemp as Bezuidenhout by hierdie geleentheid, nieteenstaande die feit dat hulle nie met die 15de Augustus akkoord gegaan het nie, omdat dit te vroeg was, hulle volle steun aan De la Rey toegesê het.

Na 'n besoek aan magistraat Juta, wat Kemp per telefoon na sy kantoor ontbied het waar die planne van De la Rey bespreek is, het Kemp na die generaal teruggekeer waar die middag sowel as die aand aan 'n bespreking van De la Rey se optrede gewy is. Hieruit het dit geblyk dat hy reeds sy optrede in besonderhede beplan het en dat onder andere ook De Wet in die Vrystaat hierby betrek sou word. Net voordat hulle gaan slaap het, het Kemp aan De la Rey gesê dat hy die Regering in kennis sou moes stel van die generaal se planne. Laasgenoemde het geantwoord dat hy Smuts alreeds breedvoerig daaroor ingelig het en dat hy van Botha se ondersteuning absoluut seker was. Botha en Smuts sou egter vanweë hulle posisies nie aan die begin-stadium van die onafhanklikheidstryd kon deelneem nie, maar sou nadat die Republikeinse vlag gehys is, hulle daaronder skaar. Dit het ook nou duidelik geblyk dat mevrou De la Rey haar man heelhartig in sy optrede gesteun het, want toe Kemp sy huiwering oor die aangeleentheid uitgespreek het, het sy hom gevra of hy nie in die Bybel geglo het nie en of hy dan van mening is dat al die offers van die verlede verniet was.[31]

Op 11 Augustus het Kemp per telegram van sy besoek aan De la Rey aan Beyers gerapporteer, maar aangesien dit nie ontsyfer kon word nie, moes hy dit die volgende dag in gewone skrif herhaal. Die boodskap was as volg: 'Ik heb te rapporteren dat ik te Lichtenburg was, dat een vergadering zal gehouden worden te Treurfontein op Zaterdag 15de dezer. Publieke gemoederen schijnen opgewonden te zijn en denk ik dat het wenselik is U de vergadering bijwoont het publiek op hoogte te brengen'.[32] Beyers het onmiddellik 'n telegram aan De la Rey gestuur waarin hy gevra het of dit nie moontlik was dat laasgenoemde die vergadering kon afstel nie, sodat hy hom (Beyers) die Vrydag in Pretoria oor belangrike sake kon kom spreek nie.[33]

Botha het op 11 Augustus 'n versoek aan De la Rey gerig om hom so spoedig moontlik te kom spreek.[34] Met sy aankoms in Pretoria het mev Botha hom op die stasie ontmoet en onmiddellik na haar huis geneem waar generaals Botha, Smuts en Schalk Burger, asook Minister N. J. de Wet, teenwoordig was. Volgens Botha het dit tydens die gesprek daardie aand gelyk asof De la Rey nie verstandelik toerekenbaar was nie. Somtyds het hy net stilgebly om die volgende moment tot gebed oor te gaan. Botha het ook die indruk gekry dat hy geweldig onder die invloed van die 'Siener' van Rensburg was en dat hy 'n onwrikbare geloof in dié se gesigte gehad het. Na bewering het De la Rey die volgende oggend na Botha gekom en erken dat hy verkeerd was en dat hulle niks te vrese gehad het oor die vergadering te Treurfontein nie.[35]

Botha het die indruk gewek dat De la Rey eintlik 'n patetiese figuur geslaan het, maar tog het hy, na bewering, hulle gewaarsku om nie met hulle invalsplanne in Suidwes-Afrika voort te gaan nie, want hy sou dit dwarsboom. Verder sou De la Rey gesê het dat hy sonder Botha en Smuts se hulp die onafhanklikheid van die land sou herwin.[36]

De la Rey was duidelik teleurgesteld in Botha en Smuts van wie hy sulke groot verwagtings gekoester het. Dat hulle nie meer republikeine was nie, was nou vir hom duidelik. Sy eertydse vriende was nie te vinde vir samewerking nie en daarom het De la Rey gesê dat Botha hulle die rug toegekeer het en dat Smuts hulle verraai het.[37]

Met De la Rey se aankoms op Treurfontein-stasie is hy deur Izak Claasens ontmoet, maar weens die teenwoordigheid van speurders kon hulle nie veel gesels nie. De la Rey het egter aan Claasens opdrag gegee om toe te sien dat die burgers nie die volgende dag gewapend opdaag nie.[38] Op Saterdag 15 Au-

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 6, Nr 3, 1976. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

gustus het sowat 800 burgers opgedaag om na De la Rey te luister. Hy het slegs oor algemeenhede gepraat en die vergadering beveel om kalm uiteen te gaan, nadat hulle 'n voorstel van volle vertroue in die Regering se vermoë om in die beste belang van die land op te tree, aangeneem het.[39]


Die burgers wat iets opspraakwekkends te wagte was, het teleurgesteld huiswaarts gekeer, terwyl Botha en Smuts 'n sug van verligting geslaak het. Vir De la Rey was die aangeleentheid egter nog nie verby nie en hy het optrede van regeringskant teen hom verwag. Op 19 Augustus het hy in 'n brief aan Botha melding gemaak van sekere klagtes en verklaringe wat teen hom en die 'Siener' ingebring is. Hy wou van Botha weet wat die Regering of die Minister van Justisie daaromtrent besluit het. Hy sou graag meer van die klagtes te wete wou kom, asook of die Regering besluit het om handelend op te tree. Met verwysing na die vergadering te Treurfontein het De la Rey gesê: 'Ik versta dat buiten mijn weten en instructies verkeerde oproepingen zijn gedaan voor de Vergadering te Treurfontein en daarom moes ik toen ik te Pretoria was Uw Ed verlof vragen de vergadering te houden om zoo doende misverstand en verwarring onder het volk te voorkomen . . .'[40]

Botha se antwoord was vir De la Rey baie gerusstellend, want Botha en sy kollegas was tevrede dat die gerugte in verband met hom ongegrond was en dat aan sy getrouheid nie te twyfel was nie. Volgens Botha was die aangeleentheid nou afgehandel, deurdat hy aan die goewerneur-generaal ook berig het dat al die gerugte op 'n misverstand berus het.[41]

## Die parlementsitting van September 1914

De la Rey, wat reeds bewus was van die Regering se voorneme om Suidwes-Afrika aan te val,[42] het gedurende Augustus kennis gekry dat die parlement op 9 September sou vergader.[43] Teen hierdie tyd was hy egter so ontnugter deur die houding van Botha en Smuts, dat hy nie van plan was om die parlementsitting by te woon nie. Vir De la Rey het dit nie meer saak gemaak wat die parlement in verband met Suidwes-Afrika sou besluit nie. Hy het reeds vir Smuts gewaarsku[44] dat baie offisiere in die verdedigingsmag sou bedank indien die Regering met sy planne voortgaan. Smuts het daarop geantwoord dat hyself ook dan verplig sou wees om te bedank. De la Rey het daarom gemeen dat dit verstandig sou wees om sake maar hulle gang te laat gaan, want die Volksraad sou òf teen die aanval stem, òf die bedanking van die offisiere sou die Regering dwing om te bedank.[45]

Dit was in hierdie gemoedstoestand dat De la Rey op 3 September 'n besoek van sy oorlogsmaker, De Wet, ontvang het. Laasgenoemde wou hom blykbaar van De la Rey se standpunt vergewis, want hy was self nie te vinde vir 'n aanval teen Suidwes-Afrika nie.[46] Volgens Izak Claasens het die twee generaals egter 'n plan van aksie bespreek. De la Rey se woorde aan hom was: 'Maar ek (De la Rey) en ou Generaal de Wet het alles afgespreek. Hy sê my toe dat Generaal Beyers en ander offisiere sal bedank, maar ons moet dit dig hou. Maar hy sê my toe dat ek my moet reg hou, en ons perde voer. Hy gaan die volgende dag voor die raad, en as hy terug kom, moet ek nie onklaar wees nie. Hy weet nog self nie wat sal gebeur nie, want



Genl C. R. de Wet, rebelleleier, in die Bloemfontein-se gevangenis.

hoe hy sal loskom oor die vergadering op Treurfontein sal ons ook nog moet sien. Maar sy volk gaan hy probeer red.'[47]

Hiervolgens lyk dit of De la Rey en De Wet wel 'n gesamentlike plan van aksie uitgewerk het. Oor die bedanking van Beyers en ander offisiere bestaan egter nie duidelikheid nie. Waar en wanneer dit bespreek is, kon nie voorgestel word nie. Oor hierdie aangeleentheid sou sekerlik geen korrespondensie gevoer gewees het nie en dit het alleen die moontlikheid oopgelaat dat Beyers sy gevoelens aan De la Rey geopenbaar het met hulle ontmoeting op 14 Augustus. Die offisiere waarna hier verwys is, was blykbaar Kemp en ander, wat by die kamp te Potchefstroom aanwesig was.

Voor sy vertrek het De Wet sy vriend oortuig dat hy die parlementsitting moes bywoon. Op pad daarheen het De la Rey op 5 September 'n besoek aan die militêre kamp te Potchefstroom gebring. In hierdie kamp, wat op 2 September begin het en die 16de sou eindig, was burgers van Wes-Transvaal saamgetrek. Kemp het De la Rey toegelaat om 'n kort toespraak te hou. Laasgenoemde het in sy toepraak gesê dat daar groot donkerheid geheers het, maar dat die manskappe op die leiding van hulle offisiere moes vertrou, wat ook al mag gebeur.[48]

Dit is beweer dat De la Rey, wat bewus was van Kemp se houding in verband met die aanval op Suidwes-Afrika, die woorde gebesig het omdat hy geweet het dat Kemp die kamp tot rebellie sou oproep.[49]

De la Rey het die nag by Kemp aan huis oorgebly. Die aand is weer oor die toekoms gepraat. De la Rey sou die parlement meedeel dat hy nie die Regering se aanvalspolitiek kon steun nie en indien daarmee volhard sou word, sou hy na Potchefstroom terugkeer en op eie gesag handel. Die gelyktydige ontslag van al die offisiere sou dan bewerkstellig word en generaal De la Rey sou sy senatorskap neerlê.[50]

Die modus operandi verder het behels dat Kemp met die redakteur van **Het Westen**, mnr Koomans, moes onderhandel vir die druk van 'n proklamasie bevattende die vryheidsverklaring van die land. Die bewoording sou ná De la Rey se terugkoms van die Kaap af opgestel word. Reëlings moes ook getref word vir voldoende motorfietse en die nodige manne, ten einde by De la Rey aan te sluit. De Wet sou die nodige reëlings in die Vrystaat tref. Dit was ook noodsaaklik dat Beyers aktief by die planne betrek moes word en daarom sou De la Rey na die parlementsitting hom besoek om hom oor te haal na hulle kant toe. Kemp sou intussen geen verdere stappe doen totdat die twee generaals by hom opdaag nie.[51]

Dat De la Rey, ten spyte van Botha en Smuts se houding, met sy planne vir die uitroep van 'n republiek wou voortgaan, was gewis. Genoegsame steun het hy egter nie gehad nie. Behalwe vir die steun van Kemp en 'n paar ander offisiere, asook De Wet, het De la Rey nie veel ondersteuning geniet nie. Beyers was nog nie oorgehaal om die beweging te steun nie, terwyl daar onsekerheid was oor die algehele steun van die sowat 1 000 burgers in die militêre kamp te Potchefstroom.

Op De la Rey se reis na Kaapstad het hy verdere steun onder die Volksraadslede probeer werf. Hoewel hy skynbaar met sekere mense, sonder om sy planne mee te deel, oor steun in 'n gewigtige saak gepraat het,[52] het hy sy voorgenome onderneming wel aan generaal Tobias Smuts en mnr J. A. van der Merwe geopenbaar.[53] Dit skyn asof De la Rey geen verdere steun vir sy planne kon kry nie.

Die parlement het op 9 September 1914 vergader om te besluit oor die Unie se aanval op die Duitsers in Suidwes-Afrika. Terwyl die Kabinet reeds besluit het om voort te gaan met sodanige stap, het die finale beslissing oor die gebruik van die verdedigingsmag egter by die parlement berus. In sy toespraak het Botha gesê dat die Unie deel van die Britse Ryk gevorm het en aangesien die Ryk in oorlog betrokke was, was Suid-Afrika outomaties daarby betrek. Daar was net twee moontlikhede: òf getrouheid, plig en eer, òf oneer en dislojaliteit. Verder het Botha op die aanwesiges se gevoel gespeel en gesê dat dit nie in die aard van Suid-Afrika se inwoners was om verraad te pleeg en dislojaal te wees nie.[54]

Hertzog het hierdie standpunt van Botha betwis en voorgestel dat dit in stryd met Suid-Afrika se belange was om Suidwes-Afrika aan te val. Op 12 September is Botha se voorstel met 92 stemme teen 12 aanvaar

en sou nog net enkele besprekings daaroor in die senaat gevoer word.

Op Saterdagoggend 12 September is die mosie van Botha in die senaat bespreek. De la Rey se toespraak het groot belangstelling gewek, maar net soos in die geval van Treurfontein, was dit geensins opspraakwekkend nie. Dit was baie bedeesd en dubbelsinnig. Hy was bereid om te verdedig, maar aanval sou hy nooit nie. **De Volksstem** het die volgende gesensoreerde verslag van die toespraak geplaas: 'Genl de la Rey hield 'n zeer waardige toespraak, waarin hij zei dat hij nog steeds tegen elke oorlog was. Hij zou Zuidafrika tot 't laatste helpen verdedigen als't nodig was, maar ook hij was tegen daden van aanval, die ons onnodig in gevaar zouden brengen. Hij had gewetensbezwaren tegen de motie, maar als de Regering hem nodig had, kon ze over hem beschikken'.[55]

De la Rey het nie aan die stemming deelgeneem nie, maar onmiddellik na sy toespraak



Genls L. Botha en J. H. de la Rey, wat jarelank saamgestaan het in die republikeinse en na-orlogse politiek, se weë het finaal op 12 September 1914 geskei voor die parlementsgebou in Kaapstad.

die saal verlaat. Botha het hom na buite gevolg waar, volgens Harm Oost, die volgende toneel hom tussen hulle twee afgespeel het: 'Botha aan De la Rey: "Oom Koos, wag 'n bietjie, ek wil jou sien". Genl de la Rey draai hom om, weer terug na die stoep toe. Genl Botha sê: "Oom Koos, wat gaan jy doen?" Toe antwoord genl De la Rey: "Generaal, dis nou ons tyd om die plegtige ooreenkoms, wat ek en jy en De Wet gemaak het by Vereeniging, uit te voer en ons vryheid terug te vat". Genl Botha antwoord: "Oom Koos, ek sal jou later weer sien".'[56]

Terwyl Botha weer die gebou binnegegaan het, het De la Rey hom gereed gemaak vir sy vertrek na Transvaal daardie selfde aand. Die aand op die stasie het die twee oorlogskamerade finaal van mekaar afskeid geneem. Of hulle weer oor die oggend se gebeure gepraat het, is nie bekend nie. Dit het egter vir De la Rey nie so maklik gegaan om vaarwel te sê aan 'n vriend vir wie hy groot respek gehad het nie en vir wie hy tot aan die einde getrou gevolg het. Op die stasie het hy Botha om die nek gevat en gesoen. Voordat hy ingeklim het, het hy dit nog 'n keer gedoen.[57]

So het die vriendskap tussen Botha en De la Rey tot 'n einde gekom. Vir De la Rey, wat alles vir sy land veil gehad het, was dit 'n droewige dag, terwyl Botha, die jongere van die twee, groter probleme gehad het om aan te dink en oënskynlik nie hierdeur ontstel was nie.

**Die dood van De la Rey**

Met die ontstellende woorde van die Minister van Justisie, advokaat N. J. de Wet, dat De la Rey hom moes gedra, anders sou die wet op hom toegepas word,[58] nog helder klinkend in sy ore, het De la Rey na Transvaal vertrek. Teen alle verwagting in het hy nie die trein oor Kimberley na Potchefstroom gehaal nie, maar oor Bloemfontein na Johannesburg gereis. Op De Aar het kaptein Piet Joubert, wat deur generaal Manie Maritz na Pretoria gestuur is om Beyers te spreek, hom by De la Rey aangesluit. Hoewel hierdie ontmoeting nie beplan was nie, het dit De la Rey goed te pas gekom om 'n boodskap aan Beyers te stuur. De la Rey het nie direk na Pretoria gereis nie, maar op Germiston afgeklim, waarna hy na Johannesburg vertrek

het. Dit het hy gedoen om die oplettendheid van die speurders, wat hom van Kaapstad af gevolg het, te ontglip. Joubert het egter na Pretoria gereis met 'n boodskap van De la Rey aan Beyers dat hy met hom in aanraking wou kom.

Kaptein Joubert het eers die volgende oggend, 15 September, die boodskap van De la Rey aan Beyers oorgedra. Beyers het nie onmiddellik op die versoek gereageer nie, omdat hy na ernstige oorweging besluit het om daardie selfde dag uit sy amp as kommandant-generaal van die Unie-verdedigingsmag te bedank en dit eers amptelik afgehandel moes word. Nadat hy 'n afskrif van sy bedankingsbrief aan **De Volksstem** oorhandig het, het hy die middag na twaalfuur 'n paar offisiere in sy kantoor byeengeroep, en formeel sy bedanking bekend gemaak. Aan hulle het hy sy bedankingsbrief, wat aan Smuts gerig was, voorgelê.[59]

Omdat Beyers nie Pretoria op daardie tydstip wou verlaat nie, het hy sy broerskind, mnr J. Beyers, versoek om mev Beyers per motor na Johannesburg te neem om generaal De la Rey te gaan haal. Hulle het die middag ongeveer vieruur weer in Pretoria aangekom, waar Beyers in die woning van sy broer Piet in Walkerstraat, Sunnyside, op hulle gewag het. Daar het die twee generaals hulle in 'n kamer teruggetrek. Wat alles daar tussen die twee plaasgevind het, het nooit bekend geword nie. Blykbaar het De la Rey sy droefheid en bekommernis oor die voorgenome stap van die Regering teenoor Beyers uitgedruk. Hulle het ook saam gebid om lig en leiding. De la Rey sou daarna die Bybel geneem het, wat by Tweede Kronieke, hoofstuk 32, oopgeval het. Hy het tot by vers 7 en 8 gelees. Dit het gelui:

'7. Zijt sterk, en hebt eenen goeden moed, vreest niet, en ontzet u niet, voor het aangezicht des konings van Assyrië, noch voor het aangezicht der gansche menigte, die met hem is; want met ons is er meer, dan met hem:


8. Met hem is een vleeschelijke arm, maar met ons is de Heere, onze God, om ons te helpen en om onze krijgen te krijgen. En het volk steunde op de woorden van Jehizkia, den koning van Juda'.

Dit is nie te betwyfel dat hierdie bemoedigende woorde De la Rey meer lig vir die toekoms laat sien het nie. Watter planne hy ookal in die mou gevoer het, sou hy sekerlik na die lees van hierdie woorde, mee voortgegaan het. Beyers het dan ook beweer dat De la Rey hom gevra het om saam te reis na Potchefstroom, waar hulle aan die manne in die kamp sou verduidelik waarom hulle teen die planne van die Regering was en om dan die saak in die hande van die volk te laat.[60] Beyers het hiertoe ingewillig.

Aan etenstafel daardie aand het Beyers effens bedruk voorgekom, terwyl De la Rey opgewek was. Onder die gesprek wat gevoer is, het Beyers gevra of hulle, bedoelende hy en De la Rey, nie tot die volgende oggend kon wag nie. De la Rey het hom hieroor ietwat vererg en geantwoord dat hulle die saak klaar bespreek het. Hy het die seuns in die kamp belowe dat hy daardie dag sou kom en Kemp het op hom gewag. Op 'n vraag van mev Beyers wat hulle planne was, het De la Rey geantwoord dat hulle met Kemp wou gaan praat en dat Beyers moes saamgaan. Van Kemp af sou hulle na De la Rey se plaas vertrek. Hy het aan mev Beyers gesê dat sy nie bevrees hoef te wees nie.[61]

Net na aandete het die generaals vertrek. Buite die huis het die motorbestuurder, Wagner, gewag met die motor wat vroeër die middag reeds nagesien was.[62] Op pad na die motor het mnr J. Beyers aan De la Rey gesê dat hy moes laat weet indien hy die jongspan nodig het. Die generaal het geantwoord dat hulle maar stil moes sit, daar was nog baie tyd. Aan advokaat Maritz, 'n familielid van Beyers, wat ook die aand teenwoordig was, het De la Rey die versoek gerig om in die Moot in die distrik Krugersdorp te gaan sê dat hy na Potchefstroom vertrek het. Met hulle aankoms by die motor het De la Rey vir Beyers aangedui om eerste in te klim, maar dié het op sy beurt aan eersgenoemde gesê om voor te gaan, waarop De la Rey agter die bestuurder plaasgeneem het en Beyers aan sy linkerkant.[63] Advokaat Maritz het intussen 'n konstabel sowat 50 meter van hulle af op die hoek van Walker- en Cellierssstraat opgemerk en die aandag daarop gevestig. De la Rey het in ligte luim opgemerk dat hulle alreeds dopgehou word. Wagner het inderdaad beweer dat die konstabel sowat tien minute vantevore die nommer van die motor kom neerskryf het, waarna hy hom weer in die donker verskuil het. Toe die mo-

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 6, Nr 3, 1976. http://scientiamilitaria.journals.ac.za




(Polisie Argief, Pretoria)
**William Foster — leier van die Fosterbende. In hul soektog na hierdie roekelose bende, het die polisie twee onskuldige mense doodgeskiet.**

tor by die konstabel verbyry, het dit voorgekom asof hy sy lig in die rigting van die motor se nommer gedraai het. Advokaat Maritz het enkele oomblikke later op pad huis toe 'n gewapende konstabel teengekom wat op 'n vraag wat aan die gang was, geantwoord het dat die polisie opsoek was na die Foster-bende.[64]

Die Foster-bende het uit drie man bestaan, wat verskeie oortredinge die voorafgaande twee jaar begaan het en van wie Foster, 'n jong man van 25 jaar, die leier was. Na 'n reeks inbrake en 'n moord gedurende 1914 het die polisie die aand van 12 September byna daarin geslaag om een van die drie bendelede te arresteer, maar die ander twee het op hulle losgebrand en twee polisiemanne gedood. Die polisie het hulle soektog na die bende verskerp en toe op 15 September berig ontvang is dat die bende hulle skuilgehou het in 'n huis in Regentspark, het drie polisiemanne daarheen vertrek. Die Foster-bende het egter daarin geslaag om te ontsnap, nadat hulle een van die speurders doodgeskiet het. Verskeie mense in die buurt het die gebeure aanskou en gerapporteer dat die bende met 'n swart motor in 'n oostelike rigting ontsnap het.

Die polisie het onmiddellik 'n kordon rondom die Witwatersrand getrek en oral is padblokkades opgerig wat deur gewapende polisie beman was. Die opdrag was om alle motorkarre te stop en deur te soek. Die getuienis wat later gedurende die ondersoek ná die dood van De la Rey gelewer is, het daarop gedui dat daar nie genoeg tyd was om uitvoerige opdragte aan die polisie voor te skryf nie. Die offisiere in bevel van Johannesburg en die Oos Rand het hulle self in die rigting waarin die bende moontlik ontsnap het, gehaas. Geen bevel wanneer om te skiet is uitgereik nie. Dit was aan die diskresie van elke man oorgelaat.[65] Dit het ook geblyk dat daar geen geleentheid was om met die polisieowerhede in Pretoria te kommunikeer en instruksies van hulle te verkry nie.


Dr en mev G. Grace het die aand van die





**Die swart motor waarin dr Grace gedood is toe hy versuim het om by 'n padblokkade stil te hou. Die polisiewag, wat op soek was na die Fosterbende, wat in 'n soortgelyke motor ontsnap het, het hom doodgeskiet.**

15de, nadat hulle 'n besoek aan Johannesburg gebring het, teruggekeer na hulle woning op Springs. Deurdat hulle ook in 'n groot swart motor gereis het, kon hulle maklik met die Foster-bende verwar word. By 'n padblokkade is hulle beveel om stil te hou, maar dr Grace het blykbaar nie die bevel gehoor nie en aangehou met ry. Drie skote is daarna op die motor gevuur. Dr Grace is dood en sy vrou lig gewond. Hierdie voorval het om en by sewe-uur die aand plaasgevind — die oomblik toe De la Rey en Beyers uit Pretoria vertrek het.

Waaroor die generaals tydens hulle rit gepraat het, is nie bekend nie. Of hulle verdere aandag aan hulle sending geskenk het, sou dus nooit bepaal kon word nie. Net noord van die hotel in Orange Grove was 'n padblokkade opgestel. Twee konstabels het om agtuur die pos beman en teen kwart voor nege reeds sewe motors gestop. Op daardie tydstip het die motor van Beyers die padblokkade genader. Volgens getuienis het die een polisieman, korporaal Smith, na die middel van die pad beweeg en sy hand omhoog gehou vir die motor om te stop. Dié het slegs spoed verminder, maar aangehou met ry. Smith het gewag totdat die motor sowat vyf meter van hom af was, waarop hy uit die pad gespring het en nogmaals 'n bevel gegee het om stil te hou. Volgens Smith het hy drie mans in die motor opgemerk, die bestuurder en twee wat agter gesit het. Hy het nie een van hulle herken nie. Volgens hom het 'n stem op Engels gesê: 'No, go on'.[66] Smith het voorts verklaar dat die kleur van die motor grys was en dat dit nie met die beskrywing van die Foster-motor ooreengekom het nie. Sy opdrag was dat, in-




**Genls De la Rey en Beyers het op 15 September 1914 met hierdie motor van Pretoria na Potchefstroom gereis. Die aand het hulle versuim om by padblokkades te stop, waarna die polisie na die motor se regter agterwiel geskiet het. Die motor — soos duidelik op die foto's sigbaar is — is deur 'n opslagkoeël getref, wat ook Genl De la Rey noodlottig gewond het.**



dien hy drie mans in 'n swart motor, wat na die voortvlugtendes gelyk het, gewaar en hulle sou weier om te stop, hy moes skiet. Die motorbestuurder, Wagner, het getuig dat hy geen opdrag van Beyers ontvang het om stil te hou nie. Beyers het verklaar dat hy aan De la Rey gevra het: 'Oom Koos, zal ons stop?' Sy antwoord was: 'Nie, laat ons aangaan'.[67]

Hierna het die motor in die rigting van Parktown beweeg, waarna dit deur Vrededorp en Fordsburg met die Hoofweg Krugersdorp toe gery het. In die duikweg by Vrededorp het die motor 'n tweede maal by 'n padblokkade geweier om stil te hou. Beide konstabels het getuig dat hulle opdrag was om nie te skiet nie, tensy hulle oortuig was dat die Fosterbende in die motor was.

'n Derde padblokkade op die pad van die generaals was in Fordsburg. Ook hier het die motor nie stilgehou nie, waarop konstabel De Wet hom na die aanklagkantoor te Fordsburg gehaas het om die insident te rapporteer.

In Langlaagte het konstabels Charles Drury en Charles Ives diens gedoen by 'n padblokkade wat opgerig was op die hoek van De Ville- en Du Toitstraat. Volgens Drury het hy vyf minute oor nege stelling ingeneem. Sowat tien minute later het hy 'n motor wat in daardie rigting beweeg het gewaar. Hy het na die middel van die pad beweeg en toe die motor sowat 70 of 80 meter van hom af was, het hy sy hand in die lug gesteek en twee keer die bevel gegee om stil te hou. Hy het die bevel herhaal toe die motor 30 meter en weer 12 meter van hom af was. Die laaste keer het hy aan die bestuurder geskree: 'Pull up, I am going to stop you'.[68] Die motor het nie stadiger gery nie en in die proses is sy bajonet, asook sy hand deur die linkerkantste modderskerm geraak. Hy het daarop aan Ives, wat dertig meter verder weg was, geskree om die motor te stop en toe hy nie daarin kon slaag nie, het Drury 'n skoot afgevuur. Volgens hom wou hy die regterkantste band stukkend skiet. Die koeël het egter die grond geraak en opgeskiet. Die motor het aangehou met ry, maar na sowat 200 meter omgedraai en na die padblokkade teruggekom. Agter in die motor was 'n bebloede De la Rey. Nadat die koeël die grond geraak het, het dit opgespring, deur die mo-

tor gegaan, en De la Rey in die rug getref. Sy laaste woorde was: 'Dit is raak.'[69]

Die dood van De la Rey het allerlei vrae en gissinge na vore gebring. Eerstens is verwys na die feit dat die motor nie by die padblokkade in Orange Grove stilgehou het nie. Indien die motorbestuurder gereageer het op die bevel van die polisie sou De la Rey nooit doodgeskiet gewees het nie. Daar moet egter in gedagte gehou word dat die Minister van Justisie De la Rey gewaarsku het om hom te gedra, anders sou die wet op hom toegepas word. Speurders het hom dan ook dopgehou — juis een van die redes waarom hy nie direk na Pretoria gereis het nie, maar op Johannesburg afgeklim het om die waaksame oog van die speurders te ontduik. Toe die generaals Pretoria verlaat het, is 'n polisieman in die nabyheid opgemerk, wat die vermoede versterk het dat, sowel De la Rey as Beyers, veral na laasgenoemde se bedanking, dopgehou is. Die padblokkade by Orange Grove het vir die generaals baie verdag voorgekom en daarom die woorde van De la Rey dat hulle nie moes stilhou nie. 'n Waarskuwing van die polisie aan die publiek, dat hulle op soek was na die Foster-bende, sou beslis enige wanopvattings, veral by De la Rey en Beyers, uit die weg geruim het.

Oor die bevel om te skiet indien 'n motor nie wou stilhou nie, is ook verskeie menings gehuldig. Regter R. Gregorowski het bevind dat geen bevel om te skiet uitgereik is nie. Die getuienis van die offisiere in beheer het daarop gedui dat geen mondelinge opdrag gegee is om op voertuie, wat nie stilgehou het nie, te vuur nie. Daar was net een enkele geval waar so opdrag gegee is. Konstabel Clay van die polisiestasie te Norwood, het navraag gedoen hoe opgetree moes word indien 'n motorkar nie wou stilhou nie. Sersant Briscoe van Hospitaal Heuwel het geantwoord dat in so 'n geval op die voertuig gevuur kon word.[70]

Die dood van De la Rey kan toegeskryf word aan growwe nalatigheid aan die kant van die polisie. Eerstens is geen behoorlike opdragte deur die assistent-kommissaris van Polisie, majoor Douglas, en sy offisiere uitgereik nie. Verder het Drury op die motor gevuur sonder dat hy seker was oor die aantal insittendes, asook die kleur van die voertuig. Hy het self getuig dat volgens opdrag hy nie moes skiet alvorens hy hom vergewis het dat dit die Foster-bende was nie. Die opdrag om nie te skiet nie, wat uitgereik is na die dood van dr Grace, het die polisiestasie te Langlaagte eers om kwart oor nege bereik en De la Rey is net 'n minuut later, voordat Drury en Ives in kennis gestel kon word, doodgeskiet. Drury het verder getuig dat hy onder die indruk verkeer het dat die verbygaande motor dié van die Foster-bende was.[71] Die noodlottige verwonding van De la Rey kan dus direk aan die onverantwoordelike optrede van Drury toegeskryf word.

Beyers was hewig ontsteld oor die dood van sy vriend. Nadat die lyk van De la Rey na die dodehuis vervoer is, waar drs Girdwood en Visser 'n nadoodse ondersoek uitgevoer het, het Beyers na die polisiestasie gegaan waar hy van die offisier in bevel geëis het om sy instruksieboek te sien. Behalwe instruksies oor die Foster-bende het daar ook gestaan: 'Stop all motor cars coming from Pretoria'.[72] Hoewel daar in die hofsaak hiervan geen melding gemaak was nie, het dit Beyers in sy oortuiging gesterk dat die lot wat sy vriend getref het, moontlik vir albei bedoel was, indien nie in die eerste plek vir homself nie.[73]

Die dood van De la Rey het 'n sluier getrek oor wat werklik daardie aand asook die volgende dag sou gebeur. Was hy van plan om met 'n rebellie teen die Regering te begin, of wou hy net uitvoering gee aan sy planne om die Vierkleur in Potchefstroom te hys? Die eerste gedagte is onaanvaarbaar, omdat De la Rey geensins van plan was om 'n rebellie op te stook nie — 'n gewapende protes, ja, maar sonder bloedvergieting. Van watter omvang dit sou wees en hoe lank dit sou duur het ook meningsverskil ontlok. Volgens Kemp moes hy sorg vir voldoende motorfietse en manne om De la Rey by te staan.[74] In hoeverre hy daarin geslaag het, is nie bekend nie. Die steun wat De la Rey in Wes-Transvaal geniet het, was groot, maar hoeveel man op daardie tydstip gereed was om deel te hê aan 'n gewapende protes, is moeilik bepaalbaar. Dit is egter 'n bekende feit dat Wes-Transvaal nie 'n verenigde front agter De la Rey gevorm het nie en dat daar baie ondersteuners van die Regering was wat nie met sy planne saamgegaan het nie.

'n Ander faktor wat nie uit die oog verloor kan word nie, was dat De la Rey voor sy vertrek uit Kaapstad 'n telegram aan sy vrou gestuur het om te sê dat hy die 16de tuis sou

wees.[75] Hieruit het dus duidelik geblyk dat hy nie van plan was om vanaf Potchefstroom 'n gewapende protes te lei nie.

Na wat beweer word, sou De la Rey aan Hertzog gedurende die parlementsitting van September 1914, gesê het: 'Barry, hulle het dit gedoen. Ons het nou niks meer om te doen nie. Ons moet na ons huise teruggaan, as ons hulle ten minste nog kan bereik'.[76] Die stuur van die telegram kan bes moontlik in verband met hierdie woorde van De la Rey gebring word. Hiermee saamhangende val die waarskuwing wat die Minister van Justisie aan De la Rey gerig het. Hy was pad na sy huis toe, toe die noodlottige skoot gevuur is.

Die vraag wat egter onbeantwoord bly, was wat De la Dey en Beyers die nag van die 15de in die Potchefstroomse kamp wou gaan maak. Beyers het verklaar dat hulle doel was om 'n vergadering in die kamp te gaan toespreek, aan die manne te verduidelik waarom hulle teen die plan van die Regering was en dan die saak in die hande van die volk te laat.[77] Op hierdie aangeleentheid kon verder geen nuwe lig gewerp word nie en of dit hierby sou gebly het, kon nie met sekerheid bepaal word nie.

Enige bewerings wat daarop gemik was om De la Rey as rebel voor te stel, was van alle waarheid ontbloot. Dat hy 'n republiek wou uitroep, was gewis, maar die stuur van die telegram aan sy vrou, het daarop gedui dat dit nie vir die vyftiende of sestiende September beplan was nie. Die onafhanklikheid van die twee voormalige republieke sou dus herstel word deur die hys van die Vierkleur, gesteun deur 'n gewapende protes. Die gedagte aan bloedvergieting was nooit by De la Rey aanwesig gewees nie.

Die teraardebestelling het op 20 September plaasgevind. Die atmosfeer was so gespanne, veral weens die gerug dat De la Rey in opdrag van die Regering om die lewe gebring is, dat slegs 'n klein insident 'n opstand teweeg kon bring. Dit was egter nie net die Wes-Transvalers wat die dood van hulle geliefde generaal diep betreur het nie, maar vanuit die uithoeke van Suid-Afrika, asook vanuit die buiteland het letterlik honderde telegramme wat deelname betuig het, die Regering en die De la Rey-familie bereik. Daar was onder andere telegramme van die Britse koning, die Eerste Minister van Australië, lord Methuen en verskeie van Britse magte regoor die wêreld.

Van heinde en verre het mense saamgekom om die begrafnis by te woon. Onder die aanwesiges was ook Botha, Beyers, De Wet en Smuts. Eers is 'n roudiens in Pretoria deur ds H. S. Bosman gehou. In die gelade atmosfeer het hy teen rebellie gewaarsku, hoewel geen verantwoordelike persoon in daardie stadium kon bekostig om aan so iets te dink nie. Die lyk is hierna na Lichtenburg geneem waar die teraardebestelling plaasgevind het.

Die Krugersdorpers het op dieselfde trein as die stoflike oorskot van De la Rey gereis. In hulle besit was sowel die Transvaalse Vierkleur as die Vrystaatse Vlag. By hulle aankoms in Lichtenburg het hulle in gelid, met die twee vlae vooraan, tot by die motor van Beyers beweeg, waar die twee vlae vasgemaak is. Nie ver daarvandaan nie het die Britse Union Jack by die magistraatskantoor gewapper. Die voorstel is gedoen dat dit verwyder moes word, maar generaal Wolmarans en Kemp het daarin geslaag om die mense van hulle plan te laat afsien. In dieselfde trant het twee van die jongere mans Beyers en De Wet se aandag daarop gevestig dat Botha en Smuts sonder geleide daar was. Dit was 'n goeie geleentheid om hulle te vang en na die Vrystaat weg te neem — die eerste stap tot 'n skitterende staatsgreep, het hulle gesê. Die twee generaals het hierdie daad met verontwaardiging van die hand gewys.[78]

Verskeie persone het by die begrafnis as sprekers opgetree. Beyers se redevoering het egter die meeste belangstelling gewek, aangesien hy die laaste persoon was met wie De la Rey sy planne bespreek het. In sy redevoering het hy dan ook na die gebeure van daardie aand verwys en die sluier so effens gelig oor hulle samekoms in een van die huis se vertrekke. Oor die woorde van ds Bosman en die aantygings wat openlik gemaak is dat hy en De la Rey op pad was om 'n rebellie op te stook, het Beyers gesê: 'Namens de held, die hier ligt, verwerp ik die aantijging met verachting van my; niets is verder van mijn gedachten dan rebellie'.[79]

Met hierdie woorde is die 'Leeu van Wes-Transvaal' ter ruste gelê. Sy stem het stil geword, maar sy dade sou voortleef in die hart van elke ware Afrikaner.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 6, Nr 3, 1976. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

## SIENER V. RENSBURG

Siener van Rensburg is in 1862 gebore. Hy het op die plaas Rietkuil, naby Ottosdal in Wes-Transvaal opgegroei. Op omtrent twaalfjarige ouderdom het hy sy eerste gesig gehad, toe hy tydens 'n dreigende opstand van swart bevolkingsgroepe, voorspel het dat sy ouers op hulle plaas veilig sou wees. Dit was dus nie vir hulle nodig om elders skuiling te soek nie.

Gedurende die Anglo-Boereoorlog het hy onder verskeie generaals gedien, onder andere onder De la Rey. Die oorlog het ook die unieke geleentheid geskep om sy faam as 'Siener' te bevestig — van daar die bynaam 'Siener' van Rensburg! Hy het naamlik die gawe besit om soms te voorspel as daar Britse troepe in die omgewing was. Sy voorspellings is later sonder teenspraak aanvaar. Indien daar volgens hom nie Britse troepe naby was nie, het die Boere nie eers wagte opgestel nie! Later is hy deur genl De la Rey vrygestel van militêre diens, op voorwaarde dat hy die Kommando's waarsku as hy die vyand 'gewaar'. Sy vrystellingsbrief word tans in die Hervormde Kerk se argief in Pretoria bewaar. S. Botha, **Profeet en Krygsman; die lewensverhaal van Siener van Rensburg. Outspan,** 6 Julie, 1956. **Die Huisgenoot,** 13 November 1953.

## DIE FOSTERBENDE

Die berugte Fosterbende het bestaan uit die leier William Foster, John Maxim en Carl Mezar. Hulle was bekend vir hulle waaghalsige rooftogte. By geleentheid het hulle twee polisiemanne wat 'n lid van die bende gevange geneem het, gedood. Die prisonier is deur sy makkers met boeie en al op 'n motorfiets gelaai en so het hulle ontkom. Na hierdie voorval was die polisie knaend op hulle spoor. In die proses is op 15 September padblokkades opgerig, as gevolg waarvan daar op Genl De la Rey gevuur is. Die Fosterbende het uiteindelik selfmoord gepleeg. — Redaksie.

---

1. Die oorlog is deur die Sentrale Moondhede (Duitsland, Oostenryk, Turkye, Bulgarye) gevoer teen die Geallieerdes (Britanje, Rusland, Frankryk, Serwië, asook 'n hele aantal ander lande waaronder die V.S.A. wat later tot die oorlog toegetree het).
2. G. D. Scholtz: **Generaal Christiaan Frederik Beyers,** 1869-1914, pp. 277-279.
3. **Ibid.: Suid-Afrika en die Wêreldpolitiek,** 1652-1952, p. 257.
4. **Ibid.,** p. 260.
5. P. M. Union 12 European War, 1914 Aug.-1920 Jan., lêer 4/37/1914 European War. Withdrawal of Imperial Troops from S.A.: Botha-regering — lord De Villiers, 4 Augustus 1914 (ongepagineerd).
6. **Ibid.:** lord De Villiers — Botha-regering, 7 Augustus 1914 (ongepagineerd).
7. D. W. Krüger: **The Age of the Generals,** p. 81.
8. P. M. Union 12 European War. 1914 Aug.-1920 Jan., lêer 4/37/1914 European War. Withdrawal of Imperial Troops from S.A.: Botha-regering — lord De Villiers, 10 Augustus 1914 (ongepagineerd).
9. A 69 Harm Oost-versameling 3 Inwinning van gegewens betreffende die Rebellie, 1915-1963: C. J. Uys — Oost, 11-7-1958 (ongepagineerd).
10. D. W. Krüger: **The Age of the Generals,** pp. 81-82.
11. G. D. Scholtz: **Die Rebellie, 1914-15,** p. 14.
12. F. A. van Jaarsveld (red.): **Honderd basiese dokumente by die studie van die Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1648-1961** (Die Vredesverdrag van Vereeniging, 31 Mei 1902), pp. 172-173.
13. G. D. Scholtz: **Die Rebellie, 1914-15,** pp. 18-19.
14. J. C. G. Kemp: **Die Pad van die Veroweraar,** p. 111. Vgl. ook T. A., Ingebinde Pamflete: No. 216 H. S. Webb: Oorzaken van de Rebellie (Pretoria, 1916), p. 6; A 69 Harm Oost-versameling 24. Herinneringe. Ooggetuie verslae van gebeure, 1914-15: Verklaring deur generaal Wessel Wessels (g.d.) (ongepagineerd); F. S. Crafford: **Jan Smuts, 'n Biografie,** p. 117.
15. Het Westen, 19-12-1913 (De Onthulling van 'T Vrouwen Monument).
16. A. 356 Van Broekhuizen-versameling 10 'Ons Protesteer', 'n gekorrigeerde manuskrip deur dr Van Broekhuizen, p. 5.
17. G. D. Scholtz: **Die Rebellie, 1914-15,** p. 45.
18. U. G. 42-'16 Judicial Commission of Inquiry into the Causes of and Circumstances Relating to the Recent Rebellion in South Africa. Minutes of Evidence, December 1916, p. 351.
19. D. W. Krüger: **The Making of a Nation,** p. 85; E. Buxton: **General Botha,** p. 46.
20. U. G. 10-'15 Rapport Over het Uitbreken Der Rebellie en de Handelwijze van de Regering met betrekking tot de Onderdrukking van deze, 1915, pp. 5-6.
21. Vergelyk p. 6.
22. J. C. G. Kemp: **Die Pad van die Veroweraar,** pp. 130-131; U. G. 46-'16 Rapport van de Rechterlike Kommissie van Onderzoek naar de Oorzaken van en Omstandigheden met betrekking tot de Recente Rebellie in Suid-Afrika, December 1916, p. 90.
23. G. D. Scholtz: **Die Rebellie, 1914-15,** p. 46; U.G. 10-'15 Rapport Over het Uitbreken Der Rebellie en de Handelwijze van de Regering met betrekking tot de Onderdrukking van deze, 1915, p. 6.
24. P. M. Union 149 Defence, 1914 Sept.-1915 May, lêer 51/71/1914 Commandant Lombard re Wolmarans commandeering in Lichtenburg: H. S. Webb en R. Dyason — Sekretaris van die Eerste Minister, 10 Mei 1915 (ongepagineerd).
25. A 69 Harm Oost-versameling 24 Herinneringe. Ooggetuie verslae van gebeure. 1914-15: Mededeling deur Izak E. Claasens (g.d.) (ongepagineerd).
26. A 414 C. F. Beyers-versameling 2 Herinnerings van mevrou M. Beyers en andere, p. 27.
27. U. G. 42-'16 Judicial Commission of Inquiry into the Causes of and Circumstances Relating to the Recent Rebellion in South Africa. Minutes of Evidence, December 1916, p. 107.
28. G. D. Scholtz: **Die Rebellie, 1914-15,** p. 47; A 414 C. F. Beyers-versameling 2 Herinnerings van mevrou M. Beyers en andere, p. 27.
29. U. G. 10-'15 Rapport Over het Uitbreken Der Rebellie en de Handelwijze van de Regering met betrekking tot de Onderdrukking van deze, 1915, p. 12.
30. J. C. G. Kemp: **Die Pad van die Veroweraar,** p. 132.
31. **Ibid.,** pp. 134-135.
32. **Ibid.,** p. 136; U. G. 10-'15 Rapport Over het Uitbreken Der Rebellie en de Handelwijze van de Regering met betrekking tot de Onderdrukking van deze, 1915, p. 12.
33. U. G. 10-'15 Rapport Over het Uitbreken Der Rebellie en de Handelwijze van de Regering met betrekking tot de Onderdrukking van deze, 1915. p. 12.
34. P. M. Union 475 Correspondence I to S, 1914 Jan.-Dec., lêer Pres. Steyn: Botha — De la Rey, 11 Augustus 1914 (ongepagineerd); U. G. 42-'16 Judicial Commission of Inquiry into the Causes of and Circumstances Relating to the Recent Rebellion in South Africa. Minutes of Evidence, December 1916, p. 351.

35. U. G. 42-'16 Judicial Commission of Inquiry into the Causes of and Circumstances Relating to the Recent Rebellion in South Africa. Minutes of Evidence, December 1916, p. 351; U. G. 46-'16 Rapport van de Rechterlike Kommissie van Onderzoek naar de Oorzaken van en Omstandigheden met betrekking tot de Recente Rebellie in Suid-Afrika, December 1916, p. 90.
36. J. C. G. Kemp: **Die Pad van die Veroweraar,** p. 137; H. Oost: Wie is die Skuldiges?, p. 104.
37. **Ibid.**: **Die Pad van die Veroweraar,** p. 139; A 69 Harm Oostversameling 24 Herinneringe. Ooggetuie verslae van gebeure, 1914-15: Mededeling deur Izak E. Claasens (g.d.) (ongepagineerd).
38. A 69 Harm Oost-versameling 24 Herinneringe. Ooggetuie verslae van gebeure, 1914-15: Mededeling deur Izak E. Claasens (g.d.) (ongepagineerd).
39. D. W. Krüger: **The Making of a Nation,** p. 82. Die koerante het opdrag ontvang om niks oor die vergadering te publiseer nie; P. M. Union 474 Correspondence I to S, 1914 Jan.-Dec., lêer M-a: Telegram van Marks-Botha, 15 Augustus 1914 (ongepagineerd).
40. P. M. Union 475 Correspondence I to S, 1914 Jan.-Dec., lêer R-e: De la Rey-Botha, 19 Augustus 1914 (ongepagineerd).
41. **Ibid.,** Botha-De la Rey, 21 Augustus 1914 (ongepagineerd).
42. Hy is in hierdie verband ingeling gedurende sy besoek aan Botha op 13 Augustus 1914.
43. P. M. Union 475 Correspondence I to S, 1914 Jan.-Dec., lêer R-e: De la Rey-Botha, 19 Augustus 1914; P. M. Union 362 Correspondence files 1-8, lêer 1/19 Parliament Meetings and Prorogations: Omsendbrief 21 Augustus 1914 (ongepagineerd).
44. Dit was blykbaar gedurende sy ontmoeting met Smuts en Botha op 13 Augustus 1914.
45. T. A., Ingebinde Pamflette: No. 216 H. S. Webb: Oorzaken van de Rebellie (Pretoria, 1916), p. 28.
46. **Ibid.,** pp. 27-28.
47. A 69 Harm Oost-versameling 24 Herinneringe. Ooggetuie verslae van gebeure, 1914-15: Mededeling deur Izak E. Claasens (g.d.) (ongepagineerd).
48. J. C. G. Kemp: **Die Pad van die Veroweraar,** p. 154.
49. U. G. 46-'16 Rapport van de Rechterlike Kommissie van Ondersoek naar de Oorzaken van en Omstandigheden met betrekking tot de Recente Rebellie in Suid-Afrika, December 1916, p. 90.
50. J. C. G. Kemp: **Die Pad van die Veroweraar,** p. 154; T. A., Ingebinde Pamlfette: No. 216 H. S. Webb: Oorzaken van de Rebellie (Pretoria, 1916), p. 28.
51. J. C. G. Kemp: **Die Pad van die Veroweraar,** pp. 154-155.
52. T. A., Ingebinde Pamflette: No. 216 H. S. Webb: Oorzaken van de Rebellie (Pretoria, 1916), p. 28.
53. U. G. 46-'16 Rapport van de Rechterlike Kommissie van Onderzoek naar de Oorzaken van en Omstandigheden met betrekking tot de Recente Rebellie in Suid-Afrika, December 1916, pp. 90-91.
54. G. D. Scholtz: **Die Rebellie, 1914-15,** p. 91; J. C. G. Kemp: **Die Pad van die Veroweraar,** pp. 161-165.
55. **De Volksstem,** 15-9-1914 (De Senaat Kaapstad, Zaterdag).
56. H. Oost: **Wie is die Skuldiges?,** p. 116. Vgl. ook A 69 Harm Oost-versameling 24 Herinneringe. Ooggetuie verslae van gebeure, 1914-15: Verklaring deur Niklaas W. Serfontein, 12 September 1914 (?) (ongepagineerd).
57. H. Oost: **Wie is die Skuldiges?,** p. 117; J. C. G. Kemp: **Die Pad van die Veroweraar,** p. 174.
58. J. C. G. Kemp: **Die Pad van die Veroweraar,** p. 174.
59. G. D. Scholtz: **Generaal Christiaan Frederik Beyers, 1869-1914,** pp. 308-312; De Volksstem, 15-9-1914 (Generaal Beyers Bedanking).
60. G. D. Scholtz: **Generaal Christiaan Frederik Beyers, 1869-1914,** pp. 314-315.
61. **Ibid.,** p. 316; J. C. G. Kemp: **Die Pad van die Veroweraar** p. 182; H. Oost: **Wie is die Skuldiges?,** p. 123.
62. H. Oost: **Wie is die Skuldiges?,** p. 125.
63. G. D. Scholtz: **Generaal Christiaan Frederik Beyers, 1869-1914,** p. 316.
64. **Ibid.,** pp. 316-317; J. C. G. Kemp: **Die Pad van die Veroweraar,** pp. 183-184.
65. U. G. 48-'14 Judicial Commission of Inquiry into the Circumstances leading up to and attending upon the Deaths of Senator General the Honourable J. H. de la Rey and Dr. G. Grace. Report of the Commissioner the Hon. Mr. Justice Gregorowski, 1914, pp. 3-4.
66. **Ibid.,** p. 8.
67. **Ibid.,** p. 8.
68. **Ibid.,** p. 9.
69. G. D. Scholtz: **Generaal Christiaan Frederik Beyers, 1869-1914,** p. 318.
70. U. G. 48-'14 Judicial Commission of Inquiry into the Circumstances leading up to and attending upon the Deaths of Senator General the Honourable J. H. de la Rey and Dr. G. Grace. Report of the Commissioner the Hon. Mr. Justice Gregorowski, 1914. p. 4.
71. **Ibid.,** pp. 9-10.
72. G. D. Scholtz: **Generaal Christiaan Frederik Beyers, 1869-1914,** p. 318; H. Oost: **Wie is die Skuldiges?,** p. 142.
73. G. D. Scholtz: **Generaal Christiaan Frederik Beyers, 1869-1914,** p. 319.
74. Vergelyk p. 17.
75. H. Oost: **Wie is die Skuldiges?,** p. 118; J. C. G. Kemp: **Die Pad van die Veroweraar,** p. 175.
76. H. Oost: **Wie is die Skuldiges?,** p. 118.
77. G. D. Scholtz: **Generaal Christiaan Frederik Beyers, 1869-1914,** p. 315.
78. T. A., Ingebinde Pamflette: No. 216 H. S. Webb: Oorzaken van de Rebellie (Pretoria, 1916), p. 43.
79. G. D. Scholtz: **Generaal Christiaan Frederik Beyers, 1869-1914,** p. 323.